# EERSTE ADVENT:
# ONS LEEF MET 'N DUBBELE VERWAGTING

MARKUS 13:24-37

1. DIE VERWAGTING

**Dis vandag** die eerste Sondag van Advent, die eerste Sondag van die nuwe Kerklike jaar. Daar is vier Adventsondae voor Kersfees en elkeen het 'n tema. Vandag se tema is VERWAGTING. *"Hoeveel slapies nog voor Kersfees?"* Dis iemand met 'n verwagting wat so vra! Die winkeladvertensies sal ons vanjaar weer gereeld en met groot opskrifte herinner: *"Nog soveel inkopiedae voor Kersfees!"* <u>Advent is 'n tyd van verwagting.</u>

**Om watter verwagting** gaan dit hier? Die verwagting van *Kersvader* wat met sy slee en geskenke vanuit die Noordpool oppad is? Die verwagting om weer *die familie* te sien? Die verwagting van 'n *vakansie* by die see? Die verwagting van *Jesus se geboorte*? Maar dit het tog reeds gebeur? 'n Vrou "verwag" tog nie meer as haar baba klaar gebore is nie?
ADVENT en die verwagting daar rondom gaan om Christus, ja, maar dit gaan om *meer as* sy geboorte. <u>Dit is 'n verwagting wat te doen het met sy eerste EN tweede koms</u>. Wanneer ons Sy eerste koms vier met sy tweede koms **in gedagte**, het ons Kersfeesvieringe net soveel meer betekenis!

Sy eerste koms was in *vernedering* (Fil 2). Sy weerkoms sal in *heerlikheid* wees. Hierdie keer kom Hy om te **oordeel** – *"die lewende en die wat reeds gesterf het."* Was dit nie vir sy eerste koms nie, sou 'n mens glad nie na hierdie dag uitgesien het nie. Al verwagting was dan die verwagting van straf en veroordeling!
Nou is dit egter anders vir almal van ons wat glo dat die HJ gekom en vir ons sondes gesterf het, weer opgestaan het en opgevaar het na die hemel vanwaar Hy weer sal kom. Die **Regter** vir wie ons verwag, is die Een wat Sy lewe vir ons sondes afgelê het!

**Hoe laat die gedagte aan Jesus se terugkoms jou voel?** Gee dit vir jou hoop? *Hoop is om te verwag dat iets goeds gaan gebeur.* Is dit jou verwagting van die Wederkoms – dat iets goeds dan gaan gebeur?
<u>Christene is mense met 'n onblusbare hoop, want ons verwag Sy wederkoms en sien uit daarna</u>.
Ons herdenk en vier sy eerste koms na die wêreld, want juis daarom kan ons met vreugde en verwagting uitsien na sy weerkoms.
Ons Skriflesing kom uit Jesus se **profetiese rede**. Dit is sy laaste onderrig aan die dissipels voordat die verhale oor sy lyding begin. Die Here Jesus berei hulle daarop voor deur vir hulle hoop te gee. Dit wat nou vir Hom en vir hulle voorgelê het, sou *nie maklik* wees nie. Daar is egter *hoop*. In sy gesprek oor die toekoms wou Hy die dissipels *visie en begrip* gee. Dit is waarmee die Woord van die Here ons baie kan help: Om die toekoms met **visie en begrip** tegemoet te gaan!
Markus se **oorspronklike lesers** het dit ook baie nodig gehad. Sy geskrif het vermoedelik iewers tussen 55 en 65 nC ontstaan. Kort daarna het die Joods Romeinse oorlog uitgebreek. Dit het van 66-70 nC geduur. Die Romeine het Jerusalem en die tempel daarin met die grond gelykgemaak. Die Romeinse keiser Titus het selfs 'n

afgodsbeeld op die plek waar die tempel gestaan het, opgerig. Dit was absoluut traumaties.
Markus se geskrif was 'n **aansporing** vir die Christene tot geloof en gehoorsaamheid in 'n tyd van aanvegting. Dit is dit vandag nog. Dit dra **die goeie nuus** dat die hoop selfs in die haglikste aardse omstandighede nie beskaam nie!
Om saam te vat: Elke jaar met Advent kyk ons **terug en vorentoe**. Ons kyk terug na Jesus wat gekom HET en ons vier dit met blydskap en groot dankbaarheid. Ons kyk vorentoe na Jesus wat weer kom en ons vier dit met verwagting. 'n Verwagting wat ons ook soos die dissipels wil laat vra: *"Hoeveel slapies nog?"* (Lees 13:4) Dit laat die Gees en die bruid sê: *"Kom!"* (Open 22:17)

2. HOE ONS WAG:
HOE ons wag op die weerkoms is ook belangrik. Dit is *nie 'n passiewe* wag waar ons met ons duime sit en speel en wag op "die gelukkige einde" nie. Nee, soos die man in die **gelykenis**, het die Here vir ons elkeen sy werk gegee. Elkeen moet sorg dat hy/sy besig bly met die werk wat die Here hom/haar gegee het (*lees vers 34*). Almal van ons moet sorg dat ons die Groot Gebod om God bo alles en ons naaste soos onsself lief te hê, daagliks nakom. Dit is nie nou 'n tyd vir *selfsug* en om elkeen ons eie koninkrykies te bou nie!
Ons moet ook besig bly met die uitvoering van die Groot Opdrag. Vers 10: *"En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word."* Daar is nog miljoene wat nog nie gereed is vir die Oordeelsdag nie, wat nog nie eers weet van Jesus se eerste koms nie. Dit sou *selfsugtig en liefdeloos* wees om hulle maar aan hulle eie lot oor te laat!

Ons verwagting kan om verskillende redes in hierdie **tussentyd verflou**:
Die *ontberinge* kan vir ons te veel word. Die *verleidelikhede* van die wêreld kan ons aandag aflei. Die duiwel sal alles in sy vermoë probeer om ons verwagting te laat verflou. Daarom dat Jesus dit 'n paar keer benadruk: *"Wees op julle hoede; wees waaksaam… Bly dus waaksaam … En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir julle almal: Bly waaksaam!" (:33-37)*

SLOT
**Januarie** is die eerste Kalendermaand. Dit kry sy naam van die **god Janus** met sy *twee gesigte* – een wat agtertoe en een wat vorentoe kyk.
**Advent** is die begin van die Kerklike jaar. Met Advent kyk ons ook in *twee rigtings*. Ons kyk agtertoe na Jesus wat gekom HET, en vorentoe na Jesus wat WEER kom. Die eerste koms wys *vooruit* na die tweede, en die tweede is die *vervulling* van die eerste. Sy eerste koms gee ons *moed vir* die tweede, nee, meer as dit: dit laat ons *met hoop daarna uitsien*, want ons verwag iets goeds, iets wonderliks – *"something out of this world"!*
**Hoe sterker** hierdie hoop is, hoe meer sal ons ons *toelê* op die uitvoering van die Groot Gebod en die Groot Opdrag. Hierdie hoop gee ons die nodige **energie** om ons Christenskap getrou uit te lewe. "Christian hope energizes faithful Christian living."
Die afwagting van die tweede koms sal ons die **moed gee om te volhard** en aan te hou, te midde van die gebrokenheid van die lewe!
Van **Jesus** lees ons in Hebr 12: *"Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."* (:2,3) Amen 30/11/2008